# DIE WEGPEN

**Uitgawe Nr. 20**
**30 April 2012**

## Wegtrek

Welkom!!

**In hierdie uitgawe**
*** Inligting van die bestuur**
*** Uitslae van Kroonstad**
*** Dit en dat**

## Van die Bestuur

Die Algemene Jaarvergadering vind hierdie jaar plaas op Saterdag 2 Junie 2012 om 09:00 in die klubhuis op die Worcester-bane.

Klubs moet hulle nominasies, mosies, besprekingspunte en beskrywingspunte inhandig by die Direkteur Administrasie voor 30 April 2012.

Daar moet net onthou word dat persone wat genomineer word moet teken by hulle nominasies en dat hierdie voltooide vorm dan ingehandig word.

Die  klubs moet ook onthou om hulle Voorsittersverslae en Finansiële verslae in te handig voor 30 April 2012.

Almal is welkom en kom asseblief in groot getalle. Klubs moet asseblief goed voorbereid kom sodat almal sinvolle bydraes kan lewer tot die vergadering. Daar gaan belangrike besluite geneem word en almal moet asseblef 'n bydrae kom lewer.

Sien almal daar.

# Lief en Leed

**Willecia Hugo is Woensdag 18 April opgeneem in die Paarl Medi-clinic en 'n galsteen en haar gal-blaas is verwyder. Sy sterk tans tuis an en dit gaan goed met haar.**
**Haar kontakbesonderhede is:**
**Meerkat1971@gmail.com**

# Seniors Kroonstad

Gedurende die SA SeniorKampioenskappe het die Boland spanne gemengde welslae behaal.

Hieronder volg die uitslae:

| Mans A1 | | |
|---|---|---|
| **KOPERSBOND TROFEE** | | |
| | **SPAN** | **PUNTE** |
| 1 | Olifante | 142.00 |
| 2 | Gauteng Noord | 141.50 |
| 3 | SWD | 135.50 |
| 4 | Westelike Provinsie | 126.00 |
| 5 | Limpopo | 121.50 |
| 5 | Noord Kaap | 121.50 |
| 7 | Goue Leeus | 121.00 |
| 8 | Suid Vrystaat | 119.50 |
| 9 | Oos Gauteng | 116.50 |
| 10 | Noordwes Provinsie | 114.00 |
| 11 | Namibia | 109.50 |
| 12 | Noord Vrystaat | 101.50 |
| 13 | Noordweste | 90.50 |
| 14 | Noord Kwazulu Natal | 80.00 |
| 14 | Oos Vrystaat | 80.00 |
| 16 | Boland | 79.50 |

| Vroue A1 | | |
|---|---|---|
| **UNIEWINKELS TROFEE** | | |
| | **SPAN** | **PUNTE** |
| 1 | Noord Vrystaat | 114.00 |
| 2 | SWD | 109.50 |
| 3 | Noord Kaap | 103.50 |
| 4 | Boland | 97.50 |
| 5 | Goue Leeus | 95.50 |
| 6 | Suid Natal | 94.00 |
| 7 | Westelike Provinsie | 88.50 |
| 8 | Noordwes Provinsie | 84.00 |
| 9 | Oos Gauteng | 79.00 |
| 10 | Gauteng Noord | 77.50 |
| 11 | Noord Kwazulu Natal | 76.50 |
| 12 | Limpopo | 76.00 |
| 13 | Namibia | 74.50 |

| Veterane A1 | | |
|---|---|---|
| CALTEX TROFEE | | |
| | SPAN | PUNTE |
| 1 | Gauteng Noord | 110.00 |
| 2 | Goue Leeus | 107.00 |
| 3 | Noord Vrystaat | 105.50 |
| 4 | Suid Vrystaat | 103.00 |
| 5 | Oos Gauteng | 102.50 |
| 6 | Noord Kaap | 94.50 |
| 7 | Limpopo | 89.50 |
| 8 | Noordwes Provinsie | 88.00 |
| 9 | Suid Natal | 79.00 |
| 10 | Westelike Provinsie | 76.00 |
| 11 | Namibia | 75.00 |
| 12 | Boland | 75.00 |
| 13 | Oos Vrystaat | 64.50 |

| Veterane A2 | | |
|---|---|---|
| SLANGHOEK TROFEE | | |
| | SPAN | PUNTE |
| 1 | Goue Leeus | 141.50 |
| 2 | Noord Vrystaat | 138.50 |
| 3 | Oos Gauteng | 138.00 |
| 4 | Noord Kaap | 130.00 |
| 5 | Mpumalanga | 125.50 |
| 6 | Noordwes Provinsie | 119.00 |
| 7 | Westelike Provinsie | 114.50 |
| 8 | Gauteng Noord | 103.50 |
| 9 | Boland | 103.00 |
| 10 | Oos Vrystaat | 96.50 |
| 11 | Olifante | 91.50 |
| 12 | Namibia | 90.00 |
| 13 | Limpopo | 75.00 |
| 14 | Suid Vrystaat | 64.00 |
| 15 | Noord Kwazulu Natal | 44.50 |

| Mans A2 | | |
|---|---|---|
| SANLAM TROFEE | | |
| | SPAN | PUNTE |
| 1 | Goue Leeus | 160.50 |
| 2 | Noord Kaap | 156.00 |
| 3 | Westelike Provinsie | 151.00 |
| 4 | Suid Natal | 143.00 |
| 5 | Noordwes Provinsie | 141.50 |
| 6 | Gauteng Noord | 140.00 |
| 7 | Oos Gauteng | 134.50 |
| 8 | Suid Vrystaat | 134.00 |
| 9 | Mpumalanga | 124.00 |
| 10 | Namibia | 123.50 |
| 11 | SWD | 120.50 |
| 12 | Noord Vrystaat | 116.00 |
| 13 | Olifante | 99.50 |
| 14 | Limpopo | 97.00 |
| 15 | Noordweste | 86.00 |
| 16 | Boland | 71.00 |
| 17 | Noord Kwazulu Natal | 42.00 |

| Vroue A2 | | |
|---|---|---|
| PIKKIE UYS TROFEE | | |
| | SPAN | PUNTE |
| 1 | Westelike Provinsie | 168.50 |
| 2 | Goue Leeus | 162.50 |
| 3 | Mpumalanga | 158.00 |
| 4 | Noordwes Provinsie | 154.50 |
| 5 | Gauteng Noord | 136.00 |
| 6 | Olifante | 131.00 |
| 7 | Boland | 123.50 |
| 8 | SWD | 119.50 |
| 9 | Namibia | 118.50 |
| 10 | Oos Vrystaat | 117.50 |
| 11 | Noord Vrystaat | 105.50 |
| 12 | Noord Kaap | 104.50 |
| 13 | Oos Gauteng | 104.00 |
| 14 | Limpopo | 94.50 |
| 15 | Goue Leeus A2 (2) | 86.50 |
| 16 | Noord Kwazulu Natal | 81.00 |
| 17 | Suid Vrystaat | 74.50 |

| O'30 Gemeng | | |
|---|---|---|
| ALTA v ZYL TROFEE | | |
| | SPAN | PUNTE |
| 1 | Gauteng Noord | 158.50 |
| 2 | Noordwes Provinsie | 158.00 |
| 3 | Goue Leeus | 111.00 |
| 4 | Noord Kaap | 103.00 |
| 5 | Limpopo | 101.00 |
| 6 | Gauteng Noord 2 | 97.50 |
| 7 | Noord Vrystaat | 76.00 |
| 8 | Noord Kwazulu Natal | 35.00 |

Marius van Wyk is opgeneem in die SA Mans O'30 A-span en Maretha Herbst in die SA Vroue span. Geluk aan hulle twee.

## My ervaring van Kroonstad 2012

Vanjaar was maar my 3de deelname aan die SA Senior Jukskeikampioenskappe en my 1ste keer as deelnemer in die Mans A1 afdeling en ek moes nog kaptein ook wees. My span was ek, Hennie van Deventer (Sassar), Dirkie Kotzé (Oukraal) en Marius van Wyk (Oukraal).

Vanjaar was vir my 'n openbaring en 'n leerskool. Ons het 15 wedstryde gespeel en het 2 loslooitjies gehad. My uitgangspunt was dalk 'n bietjie negatief, maar dit is maar moeilik om positief in so 'n toernooi in te gaan as almal jou vertel jy gaan die melkkoei wees. Ek het egter my span gemotiveer met 'n belonging vir elke wen.

Ons het die Maandag begin teen die Olifante (OP). Hierdie span het dan ook die toernooi gewen. Met party wedstryde het dit beter gegaan as met ander. Ons afronding het ons egter in die steek gelaat en veroorsaak dat ons slegter geëindig het.

Ons het 5 wedstryde gewen:

- Olifante
- Oos-Gauteng
- Noorwes Provinsie
- Noord Kwa-Zulu Natal
- Oos-Vrystaat

My uitgangspunt was om ons kanse te vat as dit hom voordoen, maar ook om versigtig te wees en nie roekeloos te speel nie, maar my grootste doel was om nie nul te kry nie. Iets wat gelukkig eers gebeur het op die laaste dag met die 2de laaste wedstryd teen SWD.

Ons as span het lekker saam gespeel en daar was'n goeie spangees. Ons ouer manne moes somtyds die youngsters se voortvarendheid 'n bietjie inkatrol. Marius het baie goed gespeel gedurende die week en sy insluiting in die SA Mans O'30 A-span was welverdiend. Hennie was ook goed en mens kon sien dat hy

op sy dag 'n baie goeie junior speler was voor hy besluit het om sy skeie te bêre vir 20 jaar plus.

Daar is darem 2 goed wat ek altyd vir myself sê as ek beter wil voel oor die week:

- Die Olifante het die Kopersbond trofee gewen. Hulle het net 2 wedstryde verloor gedurende die week, teen Gauteng-Noord en teen **Boland**.
- Gauteng-Noord het 2de geëindig en kon net 1 skof teen ons gooi en hulle kon eers die oorhand oor ons kry na 50 minute.

Ek het egter die week geniet en sal dit weer doen as ek die kans gegun word.

**Louwtjie Hugo**

Jaar 2008: Van hulle is al 'n bietjie ouer



Jannie kom by die skool en vertel sy juffrou die storie:

**Jannie :** "*Juffrou sal dit nou nie glo nie, laas naweek het ons gaan visvang. Ons het 33 babers gevang. Juffrou sal dit nou nie glo nie, maar nie een was onder 15 kg nie.*"

**Juffrou :** *"Jislaaik Jannie, dit was 'n verskriklike vangs."* Die juffrou wil nou nie vir Jannie in sy gesig sê hy praat nou regtig tjol nie. Sy besluit om dit op 'n diplomatiese manier te doen. Sy besluit sy gaan ook so wilde storie vertel en daardeur vir Jannie laat verstaan sy glo nou glad nie sy stories nie.

**Juffrou** *: "Jannie, jy sal my nou nie glo nie maar daar het net so verskriklike ding die naweek met my gebeur. Ek en die kinders loop kortpad deur die veld, en Jannie jy sal nou nie glo wat ek jou nou vertel nie, die volgende oomblik grom daar 'n leeu hier reg langs ons. Jannie jy sal dit nou nie glo nie, maar die leeu kom toe aangehardloop en ons sien hy gaan ons opvreet. Jannie, jy sal dit nou nie glo nie, maar die volgende wat ons sien is die Jack Russel wat ook hier uit die bos aangehardloop kom. Jannie jy sal dit nou nie glo nie, maar die Jack Russel gryp toe sowaar die leeu en hy verniel vir hom. Hy skud daai leeu naderhand so woes rond dat jy sommer hoor hoe die leeu se nek klap. Jannie jy sal dit nie glo nie, daar lê die leeu toe, heel vrek.*

**Juffrou :** *"Jannie, glo jy die storie wat ek jou nou net vertel het?*"

**Waarop Jannie antwoord :** *"Maar natuurlik juffrou, dit was my Jack Russel !!!*"

* * * * * * * * * * * * * * *

Twee babas lê langs mekaar in die kraamsaal.
"Ek is tog 'n Blou Bul" sê die baba seuntjie.
"Wys my" vra die baba dogtertjie...
"Goed, maar eers as die suster weg is" antwoord hy.
Toe die suster later uitstap, skop hy sy kombersie af en sê trots....
"Kyk my pienk kousies"



Ons hou bosberaad



**Vir die van julle wat nog nie by my Facebook groep, Boland Jukskei, aangesluit het nie moet dit gerus doen.**

## Fluit fluit my storie is uit...

.

As julle enige iets in die nuusbrief wil plaas, stuur dit asseblief vir my na Louw.Hugo@Gmail.com of faks dit na 086 626 5767 en ek plaas dit in die volgende Wegpan. Groete.

